# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**Augustus 2018**
Jaargang 34 Nr 3



## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie

**Die Bruid van Christus**

2. Die Kerk is die bruidegom van Christus – Ds. Boy
3. Die eerste huwelikspaar- Gerard Schuring
4. Die huwelik as 'n liefdes instelling is 'n verbond- Ilona Van der Merwe
5. Die bruid van Christus- Daleen Venter
6. Die bruid se rok- Daleen Venter

**Bruilof koerant**

7. Nuut getroud- Kitty van der Walt
8. Verjaarsdae- Kitty van der Walt
9. Attestate-Kitty van der Walt
10. Diakonie- Andries Buys jnr.

**Ou getroude pret**

11. Blokkiesraaisel en foto's- Breg Venter

**Kreatiewe bruilof**

12. Springmielies- Daleen Venter
13. Grappies- Jaco Venter
14. Inkleur prent- Daleen Venter

**Redaksioneel**

Dit is met groot opgewondenheid wat ons hierdie uitgawe aanmekaar gesit het. Die idee vir 'n uitgawe oor die Bruid van Christus het reeds tydens die vou van die vorige Ramshoring ontstaan. Ons is geseën met die geleentheid om fondse te kon insamel vir die Ramshoring asook 'n wonderlike borg vir ons worsbroodjies wat ons verkoop het.

Hiermee wil die redaksie van die Ramshoring baie dankie sê aan Dr. Buys en Maryna vir die groot bydrae tot die insameling van geld vir die druk van die Ramshoring. Mag hierdie barmhartigheid vrugte afwerp.

Baie dankie ook aan die wat ons kom help het met die verkoop van die worsbroodjies. Jul hulp word opreg waardeer.

Ons wil ook ons nederige dank uitspreek teen elke liewe bydrae tot hierdie uitgawe. Ons gee God die eer dat ons ryklike bydrae vir die Ramshoring uit die gemeente ontvang het. Dankie vir elke foto'tjie, elke berig en stukkie raad wat julle uitgedeel het. Mag God die Woorde van hierdie Ramshoring laat insypel in elke een wat dit lees se hart.

Hierdie uitgawe is dan ook gevul met voedsame artikels oor die Bruid van Christus. Ons lees van God se liefde vir ons reeds in die ou Testament tot met Jesus se sluit van die nuwe verbond tydens die instelling van die nagmaal. Ons geniet ook die foto's van ou getroudes en 'n heerlike blokkiesraaisel. Ons kry huwelik raad uit die gemeente en lag selfs 'n bietjie.

'n Spesiale dank ook aan Tannie Kitty vir haar noukeurig hand en versorging van die Ramshoring. Tannie maak altyd tyd om te help. Sonder Tannie is die Ramshoring net nog 'n boekie.

Mag u die liefde en sorg waarmee hierdie Ramshoring aanmekaar geweef is beleef en dit saam met ons geniet.

**Die Redaksie**

Daleen Venter



# Die bruid van Christus



Openbaring 19 v 7 : " Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak."

**DIE KERK IS DIE BRUID VAN CHRISTUS**

## Inleiding

Die oomblik wat ons oor hierdie onderwerp, die Kerk as die bruid van Christus, praat dan klink dit so bekend. Maar hoe weet ons dat die Kerk die bruid van Christus is? Waar presies staan hierdie woorde in die Bybel net so geskryf? Dat die Bybel die onderwerp bespreek is baie waar, maar die verwysing en bewys is ietwat moeiliker.

## Die bruid en die Kerk

Die gedagte van die bruid is iets wat baie gereeld in die Ou Testament na vore kom. Daar is talle aanhalings in Hooglied en in Jeremia, asook in Jesaja. Een so 'n aanhaling vind ons in Jesaja 62: 5: "Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees."

Ons lees in 'n gedeelte soos Hosea 2 dat die Here Hosea die opdrag gee om met 'n prostituut te trou. Hosea moet dit doen omdat dit die verhouding tussen God en sy volk op daardie tydstip uitbeeld. Hosea het 3 kinders by hierdie vrou:

Jisreël, Lo-Rugama en Lo-Ammi (1953 Vertaling). Lo-Rugama beteken "geen ontferming" en Lo-Ammi beteken "nie my volk nie. Die volk het met ander woorde afvallig geraak en van God afgedwaal, hulle het Baäl-gode gedien, net soos 'n prostituut wat van die regte pad afdwaal. Maar in daardie selfde hoofstuk dan sê die Here dat Hy sy volk weer die woestyn gaan inlei (v 13) en haar weer die hof maak en tot haar hart spreek. "En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en my met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek sal My met jou verloof in trou: dan sal jy die Here ken." (v 18 en 19). Die Here is bereid om die verhouding wat skeef geloop het weer reg te stel.

Wat die Nuwe Testament aanbetref lees ons in Efesiërs 5 hoe die verhouding tussen man en vrou in die huwelik vergelyk word met die verhouding wat bestaan tussen Christus en sy Kerk. Dit is dus 'n huweliksverhouding.



Nog verder lees ons in Openbaring 21: 2: "En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem van God af uit die hemel sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Verder word daar in vers 9 die volgende gesê: "Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat. "Kom" het hy vir my gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." En dan word Johannes na 'n hoë berg geneem en die nuwe Jerusalem word aan hom gewys.

Hierdie is maar enkele voorbeelde van talle waarin die bewyse baie duidelik is dat die verhouding tussen Christus en die Kerk is soos 'n verhouding tussen man en vrou. Ons is, tyds gewys, in die verlowing stadium, met die verwagting van die koms van Christus waar ons gesien word as die bruid, die nuwe Jerusalem, en vir ewig met ons Bruidegom, Christus, getroud sal wees.

## God is ONS God

Die verhouding wat God het met sy volk, of sy kinders, is niks anders as 'n liefdesverhouding nie. Hierdie liefdesverhouding is gesetel binne die verbond. Die kern van die verbond is: **Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal my volk wees.** Deur die eeue heen, en dit is duidelik vanuit die Ou Testament, doen God alles om te sorg dat sy volk nie afdwaal of verlore gaan nie. Hy sorg in die eerste plek dat hulle 'n volk word. Dan lei Hy hulle uit Egipte uit die slawerny. Hy beskerm hulle 40 jaar in die woestyn. Hy skenk aan hulle die land Kanaän, en gee Rigters, Konings en Profete om sy volk op die regte pad te probeer hou. Maar heel dikwels luister hulle nie. Hy laat hulle wegvoer in ballingskap en na 70 jaar skenk Hy geleentheid dat hulle kan terugkeer. Nog steeds bly hulle hardkoppig in hulle sonde.

In die Nuwe Testament, is dit nie anders nie. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus. Hy sterf aan die kruis vir ons sonde. Hy oorwin die dood en die sonde deurdat Hy opstaan uit die dood. Na sy hemelvaart word die Heilige Gees uitgestort as God se verteenwoordiger hier op aarde. Dit alles ten spyte van die sonde en ten spyte van die feit dat God se liefde verwerp word deur soveel mense. Dit wat Hy gedoen het was niks meer as opofferende liefde ter wille daarvan dat sy bruid op die dag van die wederkoms vir Hom gereed sal wees nie. Hy het haar lief en Hy sorg vir haar. Hy het sy lewe vir haar afgelê. Net soos ons in Efesiërs 5 daarvan lees.

So is Hy ons God.  So kom Hy sy deel van die verbond wat Hy met ons gesluit het na.  Hy is absoluut getrou aan sy beloftes.

### Ons is SY volk

Wat beteken dit vir ons vandag?  Vir die kinders van God, sy uitverkore volk het dit geweldige betekenis.  Dit beteken dat ons 'n vooruitsig in die lewe het.  Filippense 3: 20 sê:  "Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag."  Ons het met ander woorde 'n vooruitsig in die lewe, iets heerlik om na uit te sien.  Dit gee ons hoop en daarom roep Paulus die gemeente in Filippi op om dan so vas te staan in die geloof te midde van swaarkry, vervolging en benoudhede wat hulle beleef en ervaar (4:1).

Christus vertel sy dissipels in Johannes 14 dat Hy vir hulle 'n ander Trooster gaan stuur na sy hemelvaart.  Daarom het ons die versekering van die Gees in ons lewens dat alles wat die Woord ons leer, waar is.  Hy vertroos en lei ons, gee aan ons krag en die vermoë om op ons pos te bly staan te midde van die listige aanslae van die satan in ons lewens.


Die verwagting egter is dankbaarheid.  As ek en jy besef wat Christus werklik vir ons gedoen het, dan sal ons reageer soos Paulus in Filippense 2: 2 ons leer: "... maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin."

### Slot

As kinders van die Here is ons "lewende, heilige en aan God welgevallige offers" (Rom 12: 1).  Ons lewens moet daaraan gewy wees om as sy bruid God in ewige dankbaarheid te dien vir die lewe wat Hy aan ons in Christus geskenk het.  Ons moet weet en besef dat ons die bruid van Christus is.  Dit moet ons vul met vreugde en blydskap en ons laat uitsien na die dag van die wederkoms van Christus waarin ons, die bruid, met Christus, die Bruidegom, versoen sal word en ons die ewigheid as sy vrou sal binnegaan.

Ds. Neville





**DIE EERSTE HUWELIKSPAAR**

Hierdie artikeltjie is in drie dele verdeel: (1) Die eenheid van die eerste bruidegom en bruid.  (2) Bruidegom en bruid as hoof en liggaam.  (3) Die eerste huwelik verbrokkel, maar God herstel dit.

**1.  Die eenheid van die eerste bruidegom en bruid**

Die eerste huwelikspaar was Adam en Eva. God stel hulle saam aan as sy *verteenwoordigers* (Gen. 1:26).  Hulle is die ondergeskikte party in die verbond en moet God verteenwoordig deur twee opdragte uit te voer:  *julle* moet vermeerder en *julle* moet heers (Gen. 1:26-28).  Die twee verskillende mense is 'n eenheid wanneer hulle saam in ware geregtigheid en heiligheid (Ef. 4:24) die gemeenskaplike verbond opdragte uitvoer.

Eerstens moet hulle God verteenwoordig deur te vermeerder, ouers van kinders word.  God is nie 'n God van min, van net 'n bietjie nie, maar die God van baie soorte plante, visse, voëls en diere wat moet vermeerder.  Ook is Hy die God van tallose sterre en engele.  Hy is die Here van die *leërskare*s.  Die verbond opdrag om die kinders van God te vermeerder het by die skepping begin en kom tot 'n einde op die nuwe aarde met *die ontelbare skare uit alle nasies en stamme en volke en tale* (Openb. 7:9).

Dit gaan nie net oor kinders kry nie, maar ook oor hulle opvoeding *in die tug en vermaning van die Here* (Ef. 6:4). Mal. 2:15 vra: Waarom het Hy net een mens gemaak? *Omdat Hy 'n geslag van God gesoek het*, dit is 'n vrome geslag, 'n geslag wat kinders van God is deur die saad van die lewende Woord (1 Pet. 1:23). Deur God en hulle ouers het Kain en Abel geleer om offers te bring (Gen. 4:1-4).

Tweedens moet man en vrou God verteenwoordig deur saam die aarde te onderwerp en oor die diere te heers, byvoorbeeld deur akkerbou en veeteelt. Hy sorg vir koring en sy bak die brood. Hy boer met skape en sy spin die wol. Hierby moet hulle die sewevoudige goedheid van die Skepper uitstraal. Ses keer klink: *dit was goed* en dan die crescendo: *dit was baie goed!* Die opdrag is nie roofbou of diere-mishandeling nie. *Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die goddelose is wreed* (Spr 12:10). Die Sabbat, teken van die verbond, geld ook vir die vee en die land (Eks. 20:10; 23:10-12; Lev. 25:3-7).

**2. Bruidegom en bruid as hoof en liggaam**

Die aard van die eenheid tussen man en vrou word in Gen 2 duidelik uitgespel. Opmerklik is dat Adam eerste gemaak is (1 Tim. 2:13) en dat God met Adam sy verbond gesluit het terwyl sy vrou nog nie daar was nie (Gen. 2:15-17). Hy, die man, moet die tuin met die vrugtebome bewerk en bewaak, ook God se boom van die kennis van goed en kwaad. So begin hy om oor die aarde te heers met die boom van God in die middel. Dit kan hy nie alleen doen nie, hy het 'n helper nodig. Die Here beveel hom om name te gee aan die diere wat in pare na hom toe kom soos by Noag. So leer hy om oor die diere te heers en ook dat hy nie 'n helper het wat soortgelyk is aan hom nie. Toe eers skep die Here vir hom sy vrou uit een van sy ribbes. God het die vrou uit die man geneem om 'n helper vir die man te wees. Maar meer nog: sy is een *wat by hom pas*. Hy vind homself in haar terug. Sy is van sy soort. Vol blydskap sing hy sy huwelikslied: *Sy is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.*



*Been van MY gebeente en vlees van MY vlees,* beteken dat sy die liggaam van Adam is en hy die hoof. So leer ook Ef. 5:28-30. *Mans behoort hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou lief het, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene*. Haar roeping is om voluit vrou te wees vir haar man – hulle sal een vlees wees. En uit hierdie mooi eenheid word kinders gebore. Hulle moet saam ouers word, vader en moeder.

Die twee opdragte is aan hulle as 'n eenheid van hoof en liggaam gegee. Dit is vandag nog so. Die verbond tussen man en vrou (Mal. 2:14) moet geskoei wees op die verbond tussen Christus en sy bruid (Jes. 54:5; Eseg. 16:8-14; Joh. 3:29; Openb. 21:2): *Die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het* (Ef. 5:23-25).

Is die bruid dan net daar vir die bruidegom om kinders te kry en sy helper te wees deur heeldag agter die stoof te staan? Spreuke 31 spel breër uit wat die twee opdragte vir die gelowige en verstandige vrou alles kan behels. Sy is geensins 'n onderdrukte slavin, 'n Victoriaanse pop, 'n verwoede aktivis vir vroueregte, of 'n mededingster in skoonheid-wedstryde nie. Sy is 'n op en wakker huisvrou wat haar man ondersteun, sy rol as oudste in die poort respekteer, haar huisgesin versorg, bediendes bestuur, grond koop en 'n wingerd aanplant, spin en weef, armsorg beoefen, handel dryf, en wys en verstandig is soos Abigail (1 Sam 25:33). Die lied in Spr. 31 sluit af met:

> Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid;
>
> 'n vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word.
>
> Gee haar van die vrug van haar hande,
>
> en laat haar werke haar prys in die poorte.

**3. Die eerste huwelik verbrokkel, maar God herstel dit**

Die slang ploeg met Adam se verskalf (Rigt. 14:18) en verlei Eva om die leiding te neem. Adam is nie wys nie en volg haar. Die geskape rolle is omgekeer. Eers eet Eva en dan volg Adam en saam eet hulle van die boom in die middel van die tuin om soos God te wil wees. Dié boom is 'n simbool van God se regterlike bevoegdheid as Stigter van die verbond om te oordeel oor goed en kwaad, oor verbondstrou en verbond afval. Nou dreig: *as jy daarvan eet sal jy sterf.* Hulle word voor die hof gedaag en verhoor. In plaas daarvan dat Adam as man en hoof sy vrou beskerm en die verantwoordelikheid dra vir hulle ongehoorsaamheid – hy moes haar gekeer het – beskuldig hy sy vrou en indirek ook die Here: dis nie ek nie, maar die vrou wat U my gegee het. Eva erken ook nie haar skuld nie en skuif dit af op die slang. “Adam sê dis Eva, en Eva sê dis die slang.” Dis alles waar en die Regter hou daarmee rekening, maar verskoon nie een van die drie nie. In sy oordeel oor man en vrou is die Regter regverdig en barmhartig. Hy herstel ook weer al die oorspronklike opdragte. Adam en Eva sterf (God is regverdig), nie dadelik nie, maar eers *ná* die geboorte van hulle seuns en dogters (God is barmhartig). Die regspraak oor Eva in Gen. 3:16 is nie net oordeel en vloek nie. Met veel groter smart en moeite kinders kry (en grootmaak) is erg en swaar, maar dit beteken ook dat God die opdrag om te vermeerder handhaaf en dat die perspektief op die Saad wat die slang se kop sal vermorsel bly voortbestaan. Adam glo die belofte en gee nog 'n naam: Eva, *die moeder van alles wat lewe.* Eva sterf nie kinderloos nie. Die Here van die leërskares soek ook ná die val 'n gehoorsame, gelowige geslag van God.

Beteken *na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers* dat God elke vrou uit-lewer aan alle mans wat haar na willekeur kan hiet en gebied? Eerstens moet opgemerk word dat die Here hiermee die opdrag herstel om haar man as haar hoof te erken en tweedens dat dit gaan oor "jou man" wat oor "jou" heers in die enkelvoud. Elke man moet sy "eie" vrou hê en elke vrou haar "eie" man (1 Kor. 7:2; Ef. 5:28, 33).



"Heers" is negatief in Neh. 9:37, maar positief in 2 Sam. 23:3: *'n Heerser oor mense, 'n regverdige, 'n heerser in die vrees van God, is soos die môrelig by sonsopgang.* Maak die "heers" in Gen. 3:16 los van die amp om die *goeie* Skepper te verteenwoordig, los van die geloof in Christus wat vir sy bruid gesterf het, dan sny ons die man se hoofskap af van die goeie God en goeie Christus (1 Kor. 11:4) en kan hy ‘n tiran en sy ‘n vryheidsvegter word.

In sy regspraak herstel die Regter ook Adam as hoof. Hy word eerste geroep om in die hof te verskyn: *Waar is jy?* Hy moet as leier oor die aarde bly heers deur *die grond te bewerk* (Gen. 2:5,15; 3:23). Voor die val moes hy al die tuin bewerk. Hy moes *lema* 'ploeg' volgens die vertaling in Noord-Sotho en *cultivate* op Engels (JB). Dit is nie net Eva wat gestraf is nie, Adam ook. Na die val is sy braakland buite die tuin oortrek met dorings en distels. Sy ploeg, saai en oes kos baie moeite en sweet. Maar die opdrag duur voort, want die Regter het die verbond met hulle vernuwe deur 'n nuwe belofte te gee: die Saad. Adam is die Here se onderkoning. Sy hoofskap as eerste mens strek wyer as oor sy koningin. Sy val raak sy vrou, die nageslag in sy heup en die ganse skepping: *vervloek is die aarde om jou ontwil !* (Gen 3:17)

Soos die eerste Adam, so is die laaste Adam Hoof van alles: *alle dinge het deur Hom ontstaan*, *in Hom hou alle dinge stand,* het alles sy sisteem (Kol. 1:17). Sonder geloof in Hom kan man en vrou die twee opdragte nie in ware geregtigheid en heiligheid uitvoer nie. Hulle moet deur die geloof in die ware geregtigheid en heiligheid van die beloofde Saad ingeplant wees. Adam het sonde en dood in die wêreld gebring, die laaste Adam geregtigheid en lewe (1 Kor. 15:45; Rom. 5:12, 18).

**Gerard Schuring**

**DIE HUWELIK AS ‘n LIEFDES INSTELLING IS ‘n VERBOND**

Gideon en Ilona Van der Merwe se huwelik raad geïnspireer deur

*“ The Love Dare “ van Alex en Stephen Kendrick.*

**“Waar u gaan , sal ek gaan; waar u bly , sal ek bly; u volk is my volk, u God is my God.“ Rut 1 v 16**

- Sien jou huwelik as ’n verbond en nie ’n kontrak nie
- In ’n kontrak sê ons vir mekaar ek neem jou vir my ons sal maar sien of dit uitwerk.
- In ’n verbond gee ons onsself aan mekaar en verbind onsself tot die huwelik
- ’n Verbond is ’n mondelinge verbintenis gebaseer op vertroue en versekering dat my belofte onvoorwaardelik en lewenslank is.

**Wat behels hierdie verbond alles**? **1 Korint 13**

Liefde- is nie selfsugtig nie en soek nie sy eie belang nie. Maak seker jou motiewe is altyd edel en soek jou vervulling in die geluk van jou maat. Wees bedagsaam getrou en vergewe mekaar. Onthou indien ek lief het, mag en nie geïrriteerd en ongeskik wees nie. Dit moet ’n vreugde vir my maat wees om naby my te wees. En nie ’n storm wat wag om te gebeur nie**. Spr 16.32**

Liefde sien altyd liewer die goeie raak en konsentreer nie op die slegte nie.

Die liefde is nie jaloers nie en gun mekaar die goeie.






**Hoe groet ons mekaar?**

“Groet mekaar met ’n kus van liefde”.1 Pet. 5v14

Onthou liefde is ’n keuse. Dus maak seker. Dat die manier waarop ons mekaar groet getuig van ons liefde.

**Liefde is onvoorwaardelik** (**Vergelyk Rom 5v8**) en is my keuse ten spyte van...

Bederf jou maat sonder om iets terug te verwag.

“Liefde is nie HOOGMOEDIG nie. My wel en belang is nie altyd die belangrikste nie**.”** Filip 2v4

**Konflik is ongelukkig deel van elke huis.**

NB . Verskil met waardigheid want dan bou ons ’n brug eerder as om af te brand. Lierde is nie ‘’n geveg nie, maar dit bly die moeite werd om daarvoor te baklei . Belangrikste ...Bid vir mekaar en dra mekaar op in gebed.

**Liefde is Jesus Christus Rom 5v6**

Laat ons ten spyte van uitdagings in ons huwelik volhard en ons oë gerig hou op ons leidsman, Jesus Christus. In Hom alleen is ware liefde te vind.

**DIE BRUID VAN CHRISTUS**

Daar is ’n baie mooi simboliese betekenis aan die gebruik van die nagmaal wat uit die Joodse tradisie kom wat ons nie aldag besef nie. Jesus het byna altyd vergelykings en gebare gebruik wat eie was aan daardie tyd.

Volgens Joodse tradisie as ’n man met ’n vrou wou trou het hy na sy pa gegaan en gesê hy wil met die vrou trou. Hy en sy pa het dan na die vrou se pa gegaan en met hom onderhandel vir ’n prys vir sy dogter. Nadat hulle op ’n prys ooreengekom het , het hy dan die kans gekoop om haar te vra om met hom te trou. Daar is dan ’n feesmaal voorberei waar die man en sy Pa saam met haar familie geëet het. Die jong man skink dan ’n beker met wyn en gee dit dan vir die jong dame en sê dit is die teken van die verbond wat hy met haar wil sluit om met haar te trou. Sy het dan ’n keuse of sy dit wil drink of nie. Indien sy daarvan drink is dit soos om die verbond te onder teken. Hulle is dan verloof. Dit is ’n bindende kontrak (verbond). Sy word dan nie meer op haar naam genoem nie, maar staan dat bekend as : “Die een wat gekoop is teen ’n prys.”

Die jong man gaan dan terug na sy dorp en sy pa se huis toe en begin om vir haar ’n kamer voor te berei aan sy pa se huis. Die interessante ding is dat die bruidegom nie kan besluit wanneer die kamer gereed is nie. Eers wanneer sy Pa sê dat die kamer nou reg is, mag hy sy bruid gaan haal. Dit kan enige iets van 6 maande tot 2 jaar wees.

Intussen moet die bruid alles gereed kry vir die bruilof. Sy weet nie watter dag dit gaan wees nie. Sy moet die hele tyd gereed wees. In hierdie tyd sien hulle mekaar glad nie. Hulle stuur wel boodskappe met die strooijonker na mekaar.

Wanneer die bruidegom dan toestemming van sy pa kry dat die aangeboude gedeelte reg is, mag hy sy bruid gaan haal. Hy kry dan sy strooijonkers en gevolg reg en hulle kom met trompette en gedans en gesing die bruid se dorp binne . Haar strooimeisie hoor dit en sy kry haar gereed dat wanneer die hele gevolg haar huis bereik die huwelik volstrek kan word.



Klink dit enigsins bekend vir julle?

Jesus gee die reddings beker vir Sy dissipels en Hy sê : “Drink die is my verbond met julle.”

Luk. 22 v 17 : Daarna neem Hy ’n beker , spreek die dankgebed uit en sê : Neem dit en gee dit vir mekaar aan.

V 20 : “Met die beker na die maaltyd het HY net so gemaak en gesê: Hierdie beker is die nuwe verbond beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.”

Dit is die beker van redding waaruit daar nooit gedrink is nie. Hy kondig dus aan dat die lank verwagte Messias hier is en Hy sluit dan ook met hul die verbond dat hul nou Sy bruid is.

Hy sê vir hulle dat Hy ’n rukkie weg gaan na Sy Vader se huis om vir hulle kamers voor te berei. HY weet nie wanneer HY terugkom nie net die Vader weet. Maar HY los vir hulle die Heilige Gees om tussen Hom en hulle te kommunikeer.

Johannes 14v2: “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het , kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

Johannes 14v25 “Dit sê ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly: en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak stuur , die Heilige Gees sal HY julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

Mat 24 v 36 “ Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. “

Jesus het niks toevallig gesê nie alles was met ’n rede en ’n les. Hoe kosbaar is dit net nie dat ons verloof is aan ons Verlosser.

Ons staan bekend as : “Een wat gekoop is teen ’n prys.”

Leef ons elke dag asof ons gekoop is teen die hoogste prys ooit?

Leef ons met die opgewondenheid en afwagting van 'n verloofde vrou? Werk ons versigtig en getrou met opgewondenheid aan ons bruid uitrusting?

Hoe lyk die klere wat jy gaan aantrek die dag as ons Bruidegom ons kom haal?

Openbaring 19v7 : " Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar vergun om fyn , helder blink klere aan te trek. Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges."





**Die bruid se rok**

Openbaring 19 v 8

Op die dag wat die Here kom sal Sy bruid fyn linne, helder skoon linne klere aantrek. Hierdie helder skoon kleed sal gemaak wees van die bruid se regverdige dade.

Hierdie versie het my tussen die oë geslaan. Al hoop wat ek nog altyd gehad het . Dit waar oor ek my elke dag troos word met een sin verpletter. Ek voel gerus in die wete dat die dag as Jesus kom sal ek saam Hom wees want ek is gered. Jesus is my verlosser. Hy het vir my aan die kruis gesterf. Nou word ek skielik gekonfronteer met die vraag: Wat gaan ek aantrek op hierdie dag?

Die aanvaarding van Jesus se kruis dood vir my was so maklik. Die grote Koning wat afbuig na my en vir hierdie onverdiende geskenk gee. Ek hoef nie veel te doen nie. Ek moet net sê: Dankie.

Nou sê Jesus vir my en die skare ander saam met my: "Kom ons gaan fees vier. Die Bruidegom kom sy bruid haal. Ons gaan fees vier. Gaan haal jou rok wat fyn aanmekaar geweef is van jou regverdige dade en kom vier fees saam met My."

My salige geluk stol in my keel. My rok van regverdige dade? Die vuis hou slaan my so hard dat ek hartstogtelik huil. Want al wat ek sien is: Ek is genooi na die Bruilof, ek is die Bruid wat Jesus kom haal om vir ewig en altyd by Hom te kom bly…maar ek het niks om aan te trek nie. Ek draai en pas elke poging wat ek al aangewend het tot regverdigheid om my naaktheid te bedek maar dit verpoeier telkens tussen my vingers tot niks. My magtelose huil word 'n jammerlike gekerm want ek weet ek gaan nooit ooit eers 'n stukkie lap hê om waardig aan die Sy van my Bruidegom te kan staan nie. Ek huil snikkend en nou verstaan ek vir die eerste keer wat Jesus se gelykenis beteken van die man wat sonder partytjie klere by die feesmaal aangekom het. In my geestes oog sien ek hoe ek verward soos Eva na vyeblare gryp om my naaktheid te bedek. Ek probeer planne beraam oor wie my kan help. Ek snik nog meer toe

ek besef my ma wat 'n goiingsak in 'n prag rok kan omskep kan my nie help nie, al my spaargeld sal nie 'n rok kan koop nie. Ek is gedoem. Ek het een van twee keuses. Ek gaan nie partytjie toe nie. Of ek sal my nek moet reguit hou , my trots moet sluk en so sonder enige regverdige draad klere na die bruilof moet gaan. Dit is hier waar ek besef: Trots. Eie ek. Dit is die rede hoekom ek nie klere het nie. Ek is so begaan oor myself en oor hoe ek te nagekom is, hoe ek onregverdig behandel word, hoe ek besteel word, hoe ek ingedoen is, hoe ek ook 'n bietjie geluk verdien… dat ek nie regverdig is nie, dat ek nie vergifnis saai nie, dat ek alles op my terme doen. Dat ek liefdeloos is. Ek hou ander dop met 'n arend oog en verskeur al hul werk om hulself voor te berei vir die Bruilof in plaas daarvan om myself voor te berei. Ek besef ons is in die voorbereiding stadium vir die bruilof…en ek ..ek het nog tyd.

Midde in my magtelose voel dat ek nooit gereed sal wees nie hoor ek God se stem uit Jesaja 43 v1-2

"Hoekom is jy bang? Ek het jou gered. Ek het jou by jou naam geroep. Jy is myne. As jy deur diep waters moet gaan waar jy ander moet vergewe sal Ek by jou wees. As jy deur vuur omring word van ander se oordeel en aanvalle sal Ek by jou wees." Ek weet toe Sy vuur is die neer lê van die eie ek. Dit is om my agenda my regverdiging neer te sit en te sê : HERE U sê : Vergewe. U sê : Draai die ander wang. U sê wees die minste. Moenie My Woord verbuig soos dit jou pas nie. DOEN DIT. Moenie net wanneer dit jou pas met wie dit jou pas My Genade uit leef nie. Dit is toe makliker om vir die vreemdeling in die poort genade te hê want hy kan my nie seer maak nie.

Die moeilikste pad van vergifnis lê daarin om nie net te vergewe nie maar die persoon so te behandel asof hy vergewe is.

Die Bybel wys op verskeie plekke dat regverdige dade vryspraak deur geloof is. Ek weet dat my dade my nie gaan red nie. En die ironie is dat ek nooit verstaan het wat die dade is nie. Dawid het reeds in Psalm 40 v7 gesê : Offers wil U nie hê nie , U wil gehoorsaamheid hê. U wil hê dat ek moet luister na U. Hierdie dade is dade van gehoorsaamheid, gehoorsaam as God sê: "Eer jou



moeder en jou vader. Wees onderdanig aan jou man. Vergewe jou broer. Moenie ander seer maak met jou tong. Gee jou tiende. Onderrig jou kinders in my Woord. "

Hoe is dit dan moontlik om dit te doen want al span ek al my vermoë in sal ek dalk 'n baie skraps geklede kleed op daardie dag kan dra.

God Antwoord in Johannes 16v33:

"God leer ons hierdie dinge sodat ons vrede kan hê . In die wêreld sal jy altyd probleme hê. Mense sal jou teleurstel, mense sal jou seer maak. Jy sal val en verbrou. Maar weet in jou hart dat Ek die wêreld oorwin het. Ek het die stryd teen die bose klaar gewen. Jou krag om al hierdie dinge te wen lê in die vreugde van die Here. "Psalm 28v7

Ons is moeg en kragteloos omdat ons nie ons geluk en vreugde in die Here kry nie. Die fabriek van krag lê in die vreugde van die Here.

Ek is gered van die dood deur die kruis en omdat ek gered is kan ek vryloop want Jesus het die bose oorwin. Omdat ek vryloop kan ek werk aan my fyn linne rokkie.



# Bruilof Koerant

## Gemeente nuus






# Nuut getroud

**Francois en Marla Roux**

Francois Roux en sy Marla sluit hul ewige verbond op 9 Junie 2018 te Stable View, Hekpoort.

Ons bid die seën van God op julle huwelik. Mag julle mekaar belangriker ag as julself . Mag julle vir God liewer hê as mekaar. Ons hoop dat julle in hierdie uitgawe hope raad sal ontvang en altyd sal opkyk na die paartjies wat al jare die pad saam met mekaar loop.



## Bennie en Robin du Plessis

Op 7 Julie 2018 beloof Bennie Du Plessis en Robin om hul verbond ewig te maak. Ons gebed vir julle is dat jul mekaar sal dien soos wat Christus ons leer in Sy Woord. Mag God se seën jul huwelik vergesel . Mag jul huwelik gekenmerk word met die liefde van God. Ons bid dat hierdie uitgawe vir julle ook n seën sal wees en julle sal opkyk na die paartjies wat hul raad met ons deel.





## Jan en Joan van der Walt

Dit is dan ook 'n voorreg om Jan van der Walt en sy bruid se huwelik hier aan te kondig. Op Saterdag 11 Augustus 2018 het Jan van der Walt in die huwelik getree met Joan Wilson. Hulle gaan op Leeupoort woon. Ons wil hulle voorspoed toewens met hulle nuwe lewe saam.



## *Baie geluk met die volgende persone wat verjaar:*

### *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Petrus Smit** - 81 jaar - **27 Augustus** - 083 469 9287 Wyk Swartklip
- **Peet du Plessis** - 90 jaar - **28 Augustus** - 065 568 2593 wyk Boschfontein
- **Lenie Grobler** - 85 jaar - **9 September** - 063 376 3641 wyk Tambotie-Oos
- **Midge van Heerden** - 84 jaar - **12 September** - 082 615 0332 wyk Marakeli
- **Anna Venter** - 88 jaar **- 18 September** - 072 787 1518 wyk Pionierspark
- **Neels Kramer** - 83 jaar - **30 September** - 082 763 0906 wyk Pionierspark
- **Nico Venter** - 87 jaar - **13 Oktober** – 014 7722612 wyk Boschfontein
- **Boet de Wet** - 84 jaar - **16 Oktober** - 083 390 8149 wyk Koedoeskop
- **Annatjie Engelbrecht** - 86 jaar - **16 Oktober** - 073 794 4285 wyk Nooitgedacht
- **Baby Prinsloo** - 84 jaar – **1 November** - 073 193 3113 wyk Pionierspark
- **Florence van Dyk** - 82 jaar - **6 November** - 073 664 5319 wyk Tambotie-Wes
- **Pieter Steyn** - 81 jaar - **13 November** - 082 871 0677 wyk Faunapark



## Attestate

### Hartlik welkom aan nuwe intrekkers

***Opgeneem***

- Br. Willie Eloff, wyk Faunapark.
- Sr. Isabella Magdalena (noem Issie) Gericke gebore Gouws en drie dooplidmate, Desiré, Melissa en Maryke, wyk Tambotie-Wes.
- Sr. Mar-Louise (noem Marla) Roux, gebore Boshoff, wyk Bergsig.



**Diakonie**

Soos ons almal weet is die diakonie se werk binne die gemeenskap van die gelowiges van uiterste belang. Ons sien maandeliks om na ons medemens binne sowel as buite ons eie gemeente. In die afgelope 3 maande het ons al meer geleenthede gehad om ons liefdegawes aan te wend in ons gemeente sowel as ons gemeenskap. Ons wil ons dank aan die Here uitspreek dat Hy ons lidmate maandeliks lei om 'n bydrae te lewer wat wel onsigbaar vir meeste maar wel sigbaar vir ons behoeftiges is. Ons gholfdag was ook 'n sukses waarmee ons fondse ingesamel het om net nog meer en meer aan die Here se kinders te kan gee.

Ons uitgawes sowel as inkomstes vir hierdie kwartaal (1 Mei tot 31 Julie 2018)

| | | |
|---|---|---|
| Liefdes gawes ontvang | - | R 83,094.80 |
| Hulp verleen | - | R 60,236.07 |
| Vaste uitgawes (deurlopende hulp) | - | R 41,310.90 |
| Tjekrekening saldo 31 Julie 2018 | - | R 69,720.87 |

Enige bydra tot die diakonie se fondse is tot seën vir ons as diakonie en die dienswerk wat ons daarmee verrig.


**Gereformeerde Kerk Diakonie**

**ABSA Thabazimbi (334-346) 1580 280 001**

**Takkode 33 43 46**



# Blokkiesraaisel



**Dwars**

1. Naomi se skoondogter
2. Kramer name 5,3
3. Stempel
4. (b) Ou dominee-hulle
5. Verhaar
6. Christus het vir ons die weg ge..........
7. Van kos en water onthou
8. God Grieks
9. Izmir
10. Abraham se broer
11. Pas getroud VD Walt
12. Vanaf ...tot by Berséba
13. ID
14. Ons dr. en sy vrou

15. Waar Mediërs gewoon het
16. Jakkals
17. Abraham ... en Jakob
18. Griekse God
19. Speelgoed (Engels)
20. Byle
21. Italiaanse edelman
22. Koning Melgiséder van
23. Maureen en Frans
24. Noem

**Af**

1. Jer 10 v9 Goud van waar?
2. Wrede Heerser
3. Gys en Riana
4. (a) Ou Profeet
5. Honderd jaar
6. Beteken 2
7. ... maar waar
8. Tannie Scheepers
9. Noenmaal (Afk.)
10. ....sy God
11. Josua
12. Venter man se naam
13. Eerste persoon
14. Ons predikantspaar
15. Het gesterf toe hy verbond ark teëgehou het
16. Doopbak
17. ......val in Paradys
18. Werktuie
19. ... en met
21. Stoot




## Ou getroude pret

Ons is bevoorreg om 'n skatkis vol ou foto's uit die gemeente te ontvang. Speel saam met ons en raai wie is die goue paartjies. Vul dan die blokkiesraaisel in.
























# Huwelik raad uit die gemeente


## Frans en Maureen Schutte

Vertrou net heeltyd op God en leef jou lewe tot eer van God . Sonder sy hulp en genade kan mens nie lewe nie.

## Cornelis en Jana Van Wyk

Stel  God eerste. Wees  lief vir mekaar. Wees altyd eerlik. Respekteer mekaar.

Wees oop daarvoor om gemaklik dinge wat pla te kan bespreek en kompromieë te kan aangaan. Dit is maar ‘n gee en neem aksie. Neem mekaar altyd in ag.





## Gys en Riana Oosthuizen

Bid saam met mekaar vir liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dank God vir die genade wat ons elke dag onverdiend saam uit Sy hand ontvang.



## Kreatief wees op ‘n bruilof

Hier is oulike idees om spring mielies vir n bruilof of partytjie of selfs n funksie uit te stal. Dit is goedkoop en mooi en hou die gaste aan die peusel.








## Grappies

Paar tong-in-die-kies grappies.

**PLEASE DON’T DO THIS AT HOME**

Die huwelik is soos 'n vuurtjie, dit doof geleidelik sonder aandag.

Getroude paartjie gesels oor hulle finansies. Man: "As dit nie vir my geld was nie, het ons nie hierdie huis gehad nie" Vrou Antwoord: "My skattie, as dit nie vir jou geld was nie, dan het jy my ook nie gehad nie"

Daar is 'n dwase stelling wat beweer: "Dit is beter om lief te kry en dit later te verloor as die eensaamheid om nooit lief te kry nie."

'n Vrou trou 'n man met die hoop dat hy gaan verander en hy verander nie. 'n Man trou 'n vrou met die hoop dat sy nie gaan verander nie en sy verander.

Verloofdes praat van om eendag kinders om hulle te hê. Getroudes praat van om eendag van die kinders weg te kom.

Jong man aan meisie: "Ek weet hoe om dames gelukkig te maak!" Dame antwoord terug: "Los my dan uit."

Vrouens maak nie gekke van mans nie. Meeste mans is die DIY tipes.

Die geheim van 'n gelukkige huwelik is om een te word. Die grootste probleem ontstaan oor watter een!

Die beste manier om 'n man te kry om iets te doen is om vir hom te sê hy is te oud om dit te doen!

Dame aan vriendin: "Ek was al baie gevra om te trou!" Vriendin: "Deur wie?" Dame: "My ouers."

Liefde is nie om die perfekte lewensmaat te kry nie. Dit is om die on perfekte, perfek te sien.

'n Man behoort nooit sy vrou se oordeelsvermoë te bevraagteken nie. Kyk net met wie het sy getrou!!!

'n Goeie vrou vergewe altyd haar man as sy verkeerd was.

Seuntjie vra sy pa: "Pa , hoeveel kos dit om te trou?" Pa antwoord: "Ek weet nie, ek betaal nog steeds!"

Kosmetiek is iets wat vroue gebruik wat mans verhoed om tussen die lyne te lees.

Dames, voordat jy jou aantreklike droom Prins ontmoet sal jy 'n magdom paddas moet soen!

As dit waar is dat meisies mans trou wat soos hulle pa is, dan verstaan ek hoekom so baie mammas huil op hul dogter se troue!

Wat is die definisie van vroulike intuïsie? Die vermoë van 'n vrou om haar man te weerspreek nog voordat hy iets gesê het.



Inkleur prent

